

CACHET APTEEK
PLUS
 U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPPAD
 IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
 AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
 JAARGANG XXXIII NOMMER 8 26 MEI 1978

PUKKE!
 Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

PROF. TJAART KYK NA 2000

Professor Tjaart van der Walt is van mening dat dit 'n dwaasheid is om die integrasie van die universiteite in die Suid van Amerika op die mense af te dwing. Hy dink die oplossing lê eerder op die basis van vrywillige differensiasie.

Prof. Tjaart het tydens 'n perskonferensie gepraat net ná sy terugkoms uit die Verenigde State van Amerika. Hy het daar besoek afgelê op uitnodiging van die American State Department.

Konferensie
 Prof. van der Walt reken dat die ontvangs van PU

hartlik sal wees tydens die Konferensie vir Christelike Onderwys wat in Augustus in die VSA gehou sal word. Ons moet net nie dink dat dit soetsappig sal wees nie.

Volgens prof. Tjaart sal ons dit by hulle moet tuisbring dat ons van die status quo wil wegbeweeg.

Prof. Tjaart is nou meer pro-Amerikaans as wat hy

voorheen was. Hy dink egter dat die "American way of life" nie hier toegepas kan word nie.

Integrasie was vir die Amerikaners noodsaaklik vir hulle voortbestaan. Nadat hulle in 1776 met Engeland gebreek het, moes hulle 'n nuwe eenheid vorm in 'n land wat bestaan het uit Jode, Pole, Negers en nog vele meer.

Amerika is 'n groot land wat groot, breed en hoog dink. Ongelukkig dink hulle nie diep nie. Hulle hou van korttermyn-aksies.

Gemeenskapsdiens

Prof. Tjaart sou graag wou sien dat ons meer leer by hulle "Community College" wat net op gemeenskapsdiens gerig is. Hy is van mening dat ons byvoorbeeld meer vir Bophutatswana moet doen.

In Amerika is geld nie 'n probleem nie. Die Stanford Universiteit in California kry ongeveer 160 miljoen dollar federale subsidie. Hulle praktyse sal dus moeilik oorgedra word op Suid-Afrikaanse universiteite.

Instituut 2 000

Prof. Tjaart het in die onderhoud genoem dat 'n

Instituut vir toekomstkunde (futuurologie) 'n behoefte van die PU is. Hy het so iets in Amerika gesien. Sy mening is dat ons op die huidige stadium te veel ad hoc-besluite neem.

Daar moenie by feite vasgesteek word nie. Daar moet ook positief opgetree word. Die Instituut moet bekend staan as Instituut 2 000.

Om die PU vir CHO se lig nog meer te kan uitdra, kan 'n Instituut vir Christelike Hoër Onderwys gestig word. So 'n Instituut kan met ander Christelike Hoër inrigtings oor die wêreld kontak maak.

Op 'n vraag hoe die PU met ander Christelike inrigtings daár vergelyk, het prof. Tjaart gesê daar hoef nie teruggestaan te word nie.

Sommige van die Christelike inrigtings se Christelikeheid lê daarin dat hulle nie dans, rook of drink op die kampus nie. By ander weer moet jy 'n skripsie skryf oor jou Christelike siening voordat jou graad aan jou toegeken word.

Hy het daarop gewys dat ons meer konkreet moet wees met ons Christelikeheid. Ons moet nie gedurig op die verdediging wees nie.

Houding

Op 'n vraag wat die houding teenoor Suid-Afrika is, het hy gesê die algemene houding wissel baie. Daar is diegene wat op hoogte wil wees met Suid-Afrikaanse aangeleenthede. Die nuus-



James Stofberg begelei sy span op die veld.
 (Foto: Jaco Pretorius)



Sjampanje vóór die slagting
 (Foto: Jaco Pretorius)

dekking in die VSA is kort en net op feite gerig.

Die Biko-geval hang swaar oor Suid-Afrika. Die Amerikaners is teleurgesteld omdat daar nie sterker optrede van die staat se kant af was nie.

Prof. Tjaart sê dat die alge-

mene gevoel is dat Suid-Afrika se tyd vinnig uitloop.

Hy het 'n twintigtal universiteite besoek. Dit sluit kolleges wat tweejarige kursusse aanbied tot multi-universiteite met 'n studentetal en dertigduisend en meer in!

PU KRY APTEEK

Die apteek en supermark in die nuwe Ekonomiese Wetenskapgebou is deel van die Adviesburo vir Klein Sake-ondernemings (ABKS) se fasiliteite.

Volgens mnr. Baxter van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe is die PU vir CHO die eerste universiteit wat in-diepte kursusse gaan aanbied vir klein sake-ondernemings.

Verskeie kursusse op bestuursvlak en personeelvlak sal aangebied word. Die kursusse sal betrekking hê op persone wat alreeds in die sakewêreld staan, asook op studente wat van plan is om dit hul beroep te maak. Dit sal ook 'n praktiese

toepaslike kursus wees. Die kursusgangers sal geleentheid kry om self hulle slag in die apteek en supermark te wys. Die kursusgangers sal sertifikate ontvang.

Die voorrade in die apteek is geskenk deur S.A. Drug-gists Ltd en P.G. Shelrit. Die supermark se voorrade sal deur ander instansies geskenk word.

Persone wat belang stel, kan verdere inligting by mnr. Willie Conradie, skakel-beampte van ABKS, bekom.

POTCH SPEED DEN

Motor toebehore en radio's

Winkel 26 Indriësentrum Tel. 4713 POTCHEFSTROOM

Teen Pryse Waarvan U hou!!

Vir alle motoriste, huiseienaars en tuiswerk entoesiaste

- 4. Baan "stereo" motor kassetspelers TEN VOLLE gewaarborg teen slegs R45
- Werkwinkel handleiding vir alle motors teen R2,99
- Bardahl olie byvoegmiddel B1 of B2 Slegs R2,49
- FM motorradio met lugdraad en luidsprekers Slegs R29,95 BEPERKTE aantal. Ten volle gewaarborg.
- "Anti Freeze" Koop betyds u Motorcraft "Anti freeze" Slegs R1,29 vir 500 ml
- Valvoline multigrad olie vir Winter en Somer. 5 liters teen slegs R3,79
- "Full face" valhelm teen R39,00 Ook motorfiets spreiverf.
- "Sanyo Tape Deck" RD 4080 Dolby system for R159,00
- "Spotlamps complete with Q1 globes and switch R29,95 for a set"

Ons het 'n volle reeks olie- en lugfilters, punte, vonkproppe, kondensers, skokbrekers vir alle motorfabrikate in voorraad.

AKSIE PUK-MILJOEN

GROOT GELD ROL IN

Alhoewel die huidige student geen verpligte bydraes tot die Aksie Puk-miljoen hoef te maak nie, aangesien hy nog studeer, word hy wel indirek hierdeur geraak.

Die geld wat verkry word, sal vir die ontwikkeling van die PU aangewend word. Die student trek gevolglik voordeel uit hierdie geldinsamelingsveldtog. Hy is welkom om vrywillige bydraes te maak.

Hierdie veldtog is aangepak as gevolg van die staat se besluit om die subsidies van al die Suid-Afrikaanse Universiteite te besnoei. Die Aksie Puk-miljoen verskaf nou om hierdie tekort aan te vul.

Die veldtog word landswyd ontplooi en bestaan uit drie fases. Die eerste betrek die personeel van die PU. Die mikpunt van R30 000 is

alreeds by verre oorskry.

Die tweede fase is gerig op die oud-studente van die PU. Daar word beoog om plattelandse sowel as stedelike oud-studente hierby te betrek. Hulle kan aansluit by Klub Tien deur 'n aftrekorder van R10,00 per maand te teken.

Die Administrateur van Transvaal, sy edele dr Sybrand van Niekerk was die eregas tydens 'n vergadering wat gehou is in die Provinsiale-gebou. Hy is 'n oud-student van die Potchefstroomse Universiteit.

Die derde fase word gerig op die algemene publiek. In dié verband is daar 'n aantal vrugbare projekte in werking gestel. Die Puk-kombers klassifiseer onder een van die projekte.

BAILLIEPARK

padkafee en "Steakhouse"

SPEZIALE PRYSE

Kwaliteit kos.

Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

SUID-AFRIKA-KAMP OF TRIOMF?

Die tema van die 1978 ASB Kongres wat vanaf 10 tot 14 Julie op die Kowsie kampus gehou word, is "Ramp of Triomf." Van die aktualiteitsvrae wat bespreek sal word, is: "Het ons onself in die verlede aan rassisme skuldig gemaak of staan ons slegs op ons regte? Gun ons aan die ander bevolkingsgroepe wat ons onself gun?"

WET WEERHOU TERUGKEER

Die grondwet van die Matie-SR verhoed dat die vier lede wat uit die Raad bedank het, tot die Raad kan terugkeer.

TUKKIES VS KOVSIES

Die 3de Junie is vir Tukkies en Kowsies een van die grootste geesvang geleenthede sedert 1974.

Op 15 Mei 1978 is die sjampunjenooientjie en die hulpdirigent van Tukkies aangekondig en intussen dreun die Amfi van sing-songs.

Volgens Kowsies is hulle al moeg vir die tradisionele intervasie teen Pukke en sien hulle uit na die kragmeting teen Tukkies.

Tydens die onlangse SR vergadering het die aanblywende lede besluit om die vier lede te versoek om terug te keer. Op dieselfde vergadering is 'n implementeringskomitee aangewys wat die beginsel van die monstervergadering moet ondersoek.

Etlike lede van die student-unie is genader om die komitee behulpsaam te wees.

Volgens mnr Aspling het die Raad "reeds aan die werk gespring" om die wense van die studente-unie te implementeer. "Die SR bly oop vir positiewe voorstelle van die studente-unie se kant" het mnr. Aspling gesê.

KOVSIE KAMPUS IN NATAL

Kowsies gaan 'n satelietkampus in Natal stig.

Die terrein vir die nuwe universiteit gaan naby Lady-smith opgerig word. 'n Verslag sal binnekort aan die Minister oorhandig word nadat die terrein deur 'n afvaardiging van die Departement van Nasionale Opvoeding besoek is.

'n Onderwysfakulteit word

vir Durban beoog. Voorne-mende Onderwysstudente sal veral by die nuwe fakulteit baat, volgens prof Olivier, voorsitter van die aksie-komitee.

Die hoofdoel is om Afrikaanssprekende studente in Natal op te lei.

Plakkate maak Amok

Hoogs revolusionêre plakkate is op die Kowsie kampus aangebring.

Die plakkate, wat wemel van spelfoute, is teen die hoofkennisgewingbord en teen die studente sentrum se mure aangebring.

In die plakkate word onder andere 'n aanval ge-

loods teen die Irawa, studentekoerant van die Kowsies. Die HK van Stad word ook aangeval.

Die persoon/persone daarvoor verantwoordelik kan nêrens opgespoor word nie.

• OOP UNIVERSITEITE

Volgens mnr. Jan-Louis du Plooy het die ASB 'n mosie ten gunste van oop Universiteite aangeneem op die vorige ASB Hoofbestuursvergadering - met die voorbehoud dat elke student, van watter velkleur ook al die karakter van die universiteit waar hy inskryf, moet eerbiedig en terselfdertyd in staat moet wees om alle voorregte van 'n student te kan geniet.

Verdere voorwaardes wat in die mosie genoem is, is onder andere dat toelating van anderskleuriges slegs kan geskied in die volgende gevalle: Indien dit prakties onmoontlik is om die kursus by eie universiteite by te woon, of indien dit nie daar aangebied word nie of indien daar 'n behoefte by anderskleuriges bestaan om Christelike wetenskap te beoefen.

• SENTRUM AFFILIASIE

Besware het onder andere uit die Tukkies geleedere gekom dat die ASB nie meer namens al hulle studente kan praat nie. Al hoe meer probleme word met sentrum-affiliasie ondervind, enersyds omdat daar massas passiewe en onuitgesproke studente op elke Afrikaanse kampus is, sodat die ASB nie namens die studente kan praat nie, en andersyds omdat die lede van die ASB nie individue is nie, maar die onderskeie geaffilieerde sentra. 'n Alternatiewe metode van affiliasie by die ASB sal bespreek word, naamlik verenigings-affiliasie. Dit behels dat 'n ASB-vereniging

op elke Afrikaanse kampus gestig sal word en dat verteenwoordigers van hierdie vereniging op die ASB Hoofbestuur sitting sal neem. Ruimte word egter gelaat dat die studenteraad as persoon ook kan affilieer. Dit is 'n poging om ook die leiers van die kampus te behou.

• PROGRAM: ASB KONGRES 10-14 JULIE

Vanjaar se kongres word deur Sy Edele adv. Pik Botha geopen.

Dinsdag die 11de Julie word 'n referaat gelewer met die tema "Grondwetlike verandering in Suid-Afrika - waarheen?" Dinsdag word "Rassisme - wie is skuldig?" bespreek. "Die reg en die Staatsveiligheid" word

Donderdag deur Prof. Raubenbach van RAU ingelei. Die afsluitingsrede "Wortels van die Triomf" word gelewer deur Sy Edele F.W. de Klerk.

Die totale koste beloop R30.

'n Matie . . .

Die Matie kampus wemel van interessantheide. Daar is studente van elke sosiale groep, akademiese groep, snobs, rebelle, noem hulle en hulle is daar.

Van die groepe het heelwat negatiewe kritiek uit eie geleedere ontlok. Die enigste groep wat positiewe kritiek gekry het, was die doodgewone sosiale groep.

Hierdie groep is die Maties wat 'n gebalanseerde uitkyk op die lewe het: so 'n bietjie studies en 'n bietjie sosiale verkeer.

Iets van alles word daar ingebring: van dramas en operas tot dans-pieknieke. Natuurlik word die studies nie agterweê gelaat nie al word van die twee-dae-en-twee-nagte breinstormings-tegniek gebruik gemaak.

TERREUR - KOVSIES VERSKERP

DIE UOVS-Kommando se nuwe HK is op 12 Mei ingewy.

Die kommando bestaan nog net 'n paar maande maar het reeds grensdiens verrig. Die kommando is hoofsaaklik ingestel op anti-stedelike terreur.

Dienspligtiges word by die eenheid ingedeel en verskeie verdere opleidingskampe word aangebied.

ITALIAANSE UNIVERSITEIT

Daar bestaan 'n uitnodiging aan alle studente om aan Italiaanse universiteite te studeer.

'n Toets sal eers afgelé moet word om te verseker dat die student die Italiaanse taal magtig is.

Aansoek om voorlopige-registrasie moet vergesel word van 'n voorkeurlys van

die universiteit waar jy wil studeer, asook die sertifikaat dat jy Italiaans magtig is. Voorlopige registrasie is nie finale registrasie nie. Dit geskied eers na toelating by 'n betrokke universiteit.

AFFIKAMPUS KOMMENTAAR

Kiekie du Rand

Dit het gebeur!

Met slegs drie geaffilieerde universiteite kan ons nou die vraag begin vra: Het Nusas nog 'n bestaansreg?

Die disaffiliasie van Pietermaritzburg uit Nusas dui op die interne verswakking van die groep linkses.

Nusas kritiseer die Regering vir sy teenwoordigheid in Suidwes alhoewel die Suidwesters die Regering versoek het om die Suid-Afrikaanse troepe daar te plaas.

Dit wil voorkom of die Moderne Konservatisme en Dinamiese Patriotisme wel op die Engelse kampusse begin deursuur.

Dames word Sjarmant

'n Weeklikse mannekyn- en sjarmekursus word vir die Kowsiedames aangebied.

Die kursus word deur mev Hannelie Coetzee aangebied. Gedurende die twee ure word die korrekte passies, houding en tot selfs naelversorging aan die dames geleer.

Die kursus duur drie maande waarna elkeen, aan die einde daarvan, 'n diploma ontvang.

ANDER-KLEURIGES - RIGTING AANGEDUI

Slegs opleiding wat op akademiese gebied betrekking het, mag deur anderskleuriges studente geniet word.

RAU se SR het 'n mosie aangeneem waarin die Raad se standpunt oor anderskleuriges uiteengesit word.

Die mosie bepaal dat 'n anderskleurige slegs op nagraadse vlak, en indien die kursus nie op sy eie universiteit aangebied word nie, op RAU mag studeer.

Die Amerikaanse Universiteit

"GATEWAY"

Die Amerikaanse Universiteit is in Washington, D.C., gesetel - 'n stad wat as 'n groeiende opvoedingstad gesien word. Die "Gateway"-program sal 'n buitelandse student, wat hier studeer, help om meer van die Amerikaanse idees te wete te kom.

KOOR OP TV

DIE RAU-koor het redelik gou 'n hoë standaard bereik.

Sedert die Europese toer in Desember het die koor reeds twee keer voor die TV-kameras opgetree. Die eerste program het Sondag 7 Mei op die kassie verskyn. Die volgende optrede sal eersdaags te sien wees.

Die koor beplan 'n uitvoering in die Johannesburgse Stadskouburg vir die vierde September.

STUDENTE SANDKAAI

AS STEMGEREG- HET JY N REG- TION- OP-
 HET JY N REG- TION- OP-
 DIE AAN- WENDING
 VAN JOU- "STEM" DEUR
 DIE HK EN SR
 ONS STEL N MOSIE VAN
 WANTROU IN T.O.V.

STAD HK- verteenwoor-
 ing kan 12- persone se n groot
 koshuis verteen- woordig? (kies uit ethe
 fakulteit 2 person- n man en dame)

IRAWA "per- svryheid" neem ook
 n bestide stand- punt in red. (wie is op die
 redaksie! pub- liseer n bekend stelling
 uitgawe met foto- van verslaggewers en
 wat elk doen)

Swot hard
 jou posisie is
 benard

Dis geen las:
 spaar geld
 en
 draf gereeld klas

Breëbors
 morsjors word
 geskors

SUID-AFRIKA MOET ROEPING VERVUL

"Suid-Afrika en sy bure het een gemeenskaplike doel, naamlik die beveiliging van die onderskeie vaderlande", het prof. Carl Boshoff van Tukkie's tydens 'n byeenkoms van Kontakpolitiek gesê.

"Alhoewel die wêreld ons druk om weg te beweeg van ons huidige politieke opset, glo die huidige regering nie in 'n een-man-een-stem nie". "In 'n onlangse onderhoud met sy edele Adv John Vorster het die aanbieder afgesluit deur te sê dat Rhodesië ook so gesê het en vandag staan Rhodesië op die voorraand van 'n swart meerderheidsregering."

Suid-Afrika se botsing met oorsese kerke is as gevolg van die werklike geloof van die oorsese leiers dat Suid-Afrika kommunisme bevorder. Die standpunt word gebaseer op die Terroriste se oë na 'n land wat hom ondersteun. Dit skakel pragtig by die kommuniste se plan. Hulle verskaf die wapens en morele ondersteuning en indien die land ooreeneem word, is die gebied

reg vir Marxisme. "Angola is 'n sprekende voorbeeld van die Weste se onvermoë om die vertroue van die regering te wen. In 'n poging om die kommuniste uit Afrika te hou, probeer die Weste die guns van die Afrika-state wen deur die druk op Suid-Afrika te verskerp.

"Suid-Afrika is vir die weste 'n verleentheid en die verhoudinge tussen die VSA en SA is nou op die laagste as seker ooit tevore in die geskiedenis. Dit is die harde werklikheid waarby nie verby gekyk kan word nie."

Suid-Afrika sit baie nader aan die kruisvat as wat baie besef. Dit is ons plig om die lont te knip.

Suid-Afrika kom voor drie alternatiewe te staan; of 'n kommunistiese oorname, of vernietiging deur die Weste of 'n poging van die blanke om homself as onmisbaar te

bewys en sodoende sy voortbestaan te verseker.

Afrika moet ons as 'n deel van Afrika beskou wat daadwerklike pogings aanwend ten opsigte van die rekonstruksie van Afrika. Suid-Afrika is deels verantwoordelik vir die onderhoud van verskeie Afrikalande waarvan sommige Marxisties is.

Die onttrekking van die ou koloniale heersers in Afrika het 'n leemte gelaat wat gevul moes word.

"Deur dienslewering aan ander Afrikastate kan Suid-Afrika tereg as die wit stam gesien word. Indien Suid-Afrika nie die leemte kan vul nie, sal hy misluk in sy poging om hom as onmisbaar te bewys.

Suid-Afrika moet aanvaar word deur die mede Afrikalande.

"In hierdie poging moet die wêreld nie aan Suid-Afrika stamp of poog om hom in 'n rigting te dwing nie. Ons onderhandel nie oor ons voortbestaan nie en ook nie oor ons identiteit nie."

In hierdie gesindheid sien ons die tuislande - om selfstandig vry te wees.

Konsolidasie

In oorweging van die konsolidasie gaan dit om die vaststelling van houdbare internasionale grense. Grense wat verdedig kan word. Groepe wil gebiede hê waarin hulle vry kan beweeg. Met die geweldige bevolkingstoename

moet daar meer werkgeleenthede geskep word. Stede moet in verhouding met werkverskaffing ontwikkel.

Woongebiede, werkgebiede en politieke vryheid moet in dieselfde model ingebou word.

"Dit beteken egter nie dat Suid-Afrika grond gaan weggee nie. Gemeenskaplike sake moet gesamentlik uitgewerk word in belang van al die betrokke groepe."

Prof. Boshoff het afgesluit deur te sê dat die blanke in Suid-Afrika hier is om 'n roeping te vervul.

STAATMAKERS LYF IN

Die belangrikste gebeurtenis in die Staatmakerloopbaan, die inlywing, het Vrydagaand 28 April plaasgevind. Vyftien nuwelinge is in die Jukskei Voortrekkerkommando welkom geheet.

Te midde van die indrukwekkende Totiusmonument, die lands- en Voortrekkervlag en 'n fakkel is geluister na gedigte van Totius en gedeeltes uit die Skrif wat deur gesoute Staatmakers voorgedra is. Hierna het elkeen knielend by die fakkel die Belofte afgelê en

sy of haar sertifikaat ontvang van die inlywingsoffisier, Hendrik de Kock. Die aksie is afgesluit met koffie in Kasteel.

Die nuwelinge wil graag die kommando en bestuur bedank vir 'n onvergeetlike aand.

Magersfontein is Ironies

Weer eens het Etienne le Roux se "Magersfontein, O, Magersfontein" opspraak verwek. Op uitnodiging van die Taal- en Lettere vereniging van die PU het prof. T.T. Cloete onlangs gepraat oor die ironie in Magersfontein.

Ter inleiding het prof. Cloete verduidelik wat ironie is en hoe dit in die poësie, prosa en drama voorkom. Die aard en wese van ironie berus op teenstrydige dinge en paradokse. Met ander woorde die digter, prosaïst of dramaturg sê een ding maar bedoel die teenoorgestelde. Om hierdie bewering te staaf het prof. Cloete verskeie voorbeelde uit die Afrikaanse en die Engelse letterkundige genres voorgelê.

Aan die hand van hierdie voorbeelde en verduidelikings het prof. Cloete aangetoon hoe en waar Le Roux ironie in Magersfontein gebruik. "Magersfontein, O, Magersfontein!" is inderdaad 'n roman van suiwer ironie. Hierin het prof. Cloete hom besonder goed van sy taak gekwyt en die situasie op 'n koel en beredeneerde wyse hanteer ten spyte van die feit dat die saak nog sub judice is. Juis om hierdie rede kan prof. Cloete nie direk uit die boek siteer nie en moes hy van meer algemene voorbeelde gebruik maak. Nogtans het hy niemand op 'n dwaalspoor probeer bring nie.

Uit die talle voorbeelde wat prof. Cloete voorgehou het, blyk dit dat sekere uitlatinge in die roman wat skynbaar kru is, verskoon kan word, omdat sommige van hulle die mees ironiese situasies beskryf. Hiermee het hy nie gesê dat alle kru uitlatinge onder die dekmantel van ironie deur gelaat moet word nie, aangesien daar wel aanstootlike uitlatinge is.

Prof. Cloete het ook verduidelik dat die Afrikaner

nie hierdie filmroman moet sien as 'n aftakeling van sy kultuur en geskiedenis nie. Etienne Le Roux het 'n ironiese siening van die hedendaagse werklikheid gebruik om die verrottheid van ons samelewing daarmee aan te toon.

Nadat die vergadering oopgestel is vir bespreking het prof. Cloete die vroe objektief-oordeelkundig en op die man af beantwoord en nie probeer om die vroe te

omseil nie. Hy het ook erken dat "Magersfontein, O, Magersfontein!" 'n werk is met literêre verdienste, maar hy het daarop klem gelê dat 'n werk met literêre verdienste nie noodwendig 'n groot werk is nie.

Omdat hierdie werk meer koel-klinies as swoel is, is dit jammer dat daar nog so baie "bysende lesers" rondloop en nie die werk in sy korrekte perspektief kan lees nie.

"Twentieth" Sneuwel

Saterdag, 20 Mei het die laaste rolprent, naamlik die "Spaanse vlieg" in die "Twentieth Century" gedraai.

Mnr. Beukes, gewese bestuurder van die teater het in 'n onderhoud aan die Wapad gesê dat die eienaar die gebou verkoop het. 'n Welbekende filmverspreidingsmaatskappy beoog om voor die einde van die jaar twee

teaters op te rig. Die een sal geskik wees vir 150 tot 200 teatergangers, die ander vir 300 tot 350.

Dit sal 'n groter keuse aan die studente bied vir ontspanning.

RADIO PUK BESTAAN NOG

Die mengbank wat Radio PUK gedurende die eerste kwartaal gebruik het, was slegs 'n toetsmodel. Nadat die probleme uitgestryk is, en die nuutste tegnologiese ontwikkeling in ag geneem is, is die nuwe mengbank tans in wording. Die ou draaifels word vervang deur draaitafels wat by die mengbank pas.

Potchefstroom bied bitter min ontspanning vir jongmense, veral vir die slepers. Radio PUK beoog om onder andere musiek te verskaf in die kafeteria en in die Totiusaal waar 'n mens ontspanne kan sit en luiser. Dit is 'n poging om benoemde probleem te vereter. Die volgende programme

word beoog:

- Nuusprogramme byvoorbeeld SSR-verkiesings, koshuisaktiwiteite en dies meer
 - Sportprogramme
 - Gratis versoekprogramme
 - Aktualiteitsprogramme
 - Kampustreffers
 - Godsdienstige programme
- Die uiteindelijke doel van

Radio PUK is om op die lug te gaan met behulp van 'n sender wat deur die departement Elektrotegniek ontwerp word. Die probleem is dat dit dalk 'n tydjie kan duur voordat 'n lisensie toegestaan word. Tot tyd en wyl sal Radio PUK verantwoordelik wees vir die musiek in die studentesentrum, waar 'n ateljee gebou word.



Vir die man wat bo die tye uitstyg, is daar 'n bank wat bo die tye uitstyg. Bank Suid-Afrikaans.

Volkkas

(Gereguleerde Handelsbank)

DAMESBLAD

DAMESBLAD

DAMESBLAD

O, laat ek jou vergeet
voordat ek moet onthou,
want ek is so met die verlies vertrou
dat ek vooraf verleë is met besit:
ook jou sal ek waarskynlik weer
tot die verdriet verbou.

Foto: Jaco Pretorius



PROF. T.T. GESELS OOR LINA SPIES

Lina Spies, die jong Afrikaanse digteres, is vandag 'n Stellenboscher. Sy is daar lektrese in die departement Afrikaans-Nederlands en 'n kollega van haar ou leermeester, prof. D.J. Opperman, vir wie sy groot bewondering het en aan wie sy baie geheg is. Hy is ook die man wat haar baie raad gegee het met die publikasie van veral haar debuutbundel. Opperman het klaarblyklik deur sy lesings asook deur sy persoonlike en strenge kritiek op haar werke 'n vormende invloed op haar gehad. Ek weet baie goed hoe hy haar gewaarsku het teen oorhaastige publikasie - dit in teenstelling met die hedendaagse verskynsel dat jong skrywers soms heeltmaal te vroeg publiseer.

Lina het dit nooit weggesteek dat sy 'n baie groot liefde vir Stellenbosch het en graag eendag daar sal wil woon en werk nie. Tog is sy in oorsprong 'n Vrystater. Sy is op Harrismith gebore. Sy het aan haar pa se skool gematrikuleer. Wie hom ken, weet ook hoe sy al daarvan getuig het dat haar vader 'n groot aanmoediging vir haar as skryfster was. Hy het gereeld poësie aan haar voorgelees en haar voortdurend aangespoor. Later het hy inspekteur van onderwys geword. Vandag woon haar ouers ook in Stellenbosch.

Die een suster se man is aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde. Tussen hakes, in haar gedigte is daar baie verwysings na Lina

Spies se gesinslede. Dit is in alle geval 'n wonderlike gesin om by te kuier, die ouers en die susters, elk met sy eie selfstandige persoonlikheid. Hulle is gewone mense - Lina inkluis.

Na haar matrikulasie het Lina aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer tot die MA-graad. Vir haar UOD-diploma is sy egter na die UOVS en het daarna twee jaar onderwys gegee aan die Sentrale Hoërskool Bloemfontein, waar haar ouers 'n hele aantal jare lank gewoon het.

Haar eerste universiteitspos het sy bekleed aan die UPE. Van 1966 tot 1971 was sy lektrese in Afrikaans-Nederlands. In hierdie jare

het sy 'n skokkende motorongeluk beleef wat 'n diep indruk op haar gemaak het en sy neerslag in haar poësie gekry het. Terwyl sy lektrese aan die UPE was, was sy dan ook die kollega van die skrywers Louis Eksteen en Abraham de Vries. Gedurende hierdie jare, van 1968 tot 1970, het sy aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer en die doktorsale eksamen daar afgeleë. In 1972 het sy, kort na haar terugkeer na Suid-Afrika, lektrese aan die US geword. Terwyl Lina in Amsterdam gestudeer het, het sy goed bekend bevriend geraak met Elisabeth Eybers, wat nou al baie jare lank in Amsterdam woon. Lina Spies het 'n natuurlike aangetrokkenheid gehad tot Elisabeth Eybers - haar MA-verhandeling het trouens om laasgenoemde digteres gegaan. Die invloed van Eybers op die werk van Spies is egter nie so sterk as wat soms gemeen word nie.

Lina Spies is baie goed belese in verskeie literature. Sy ken die Nederlandse, Engelse en Amerikaanse letterkunde goed. Sy getuig self byvoorbeeld daarvan dat sy baie van Robert Toso hou.

Lina Spies het lank gewag voor sy gedebuteer het, maar sedertdien het sy vinnig opgang gemaak. Haar debuutbundel is 'Digby Vergenoeg' (1971) gevolg deur 'Winterhawe' (1973) en 'Dagreis' (1976). Vir haar eerste bundel het sy die SA Akademie se Eugene Marais-prys gekry asook die Ingrid Jonker-prys.

Die digteres Lina Spies is ook 'n intellektuele vrou. Vandaar haar universiteitspos en haar wetenskaplike

artikels in verskillende tydskrifte. Sy kan boeiende lesings hou, net soos sy besielende gesprekke kan voer, en veral pragtige vriendskaplike briewe kan skrywe. Sy is glad nie 'n onwêreldse skryfster nie maar 'n gesonde aardse mens met 'n aansteeklike humorsin en 'n lekker lag. Sy is iemand met 'n diepe godsdienis en ook 'n mens van die aarde was, soos M. Nýhoff dit in die Nederlandse poësie was. Min digters het soos Lina Spies en Nýhoff die ewige en eendagse dinge versoen:

'Die eendagmooi's wat teen my venster rank by daardie huis wat baie wonings het, is daar vir ewig mooi en ewig pienk.'

Dit skryf sy in 'Tuiskoms' in haar debuutbundel.

Vir my Kamermaat . . .

Gist'raand toe ek die geel magrietjies op my bed kry, het ek gewonder wanneer presies het my elke dag, ons twee s'n geword. Gewonder oor 'n tyd lank terugsonder jou ronde handskrif-briefies onder my kussing met die geselsnuus waarvoor mens nie praat nie.

En eendag as ek en jy ook in ons grootdorp-voorstad weggeraak het om pampoens met kaneel en suiker te kook en die leiklipvoorstoep Dinsdagsgewys te poleer, onthou dan van liggeel dae in 'n nartjiekamer vol Maandag tot Sondagse leef uit 'n ses by drie houthangkas.

Ek sal terugdink en huil oor jou altydse verstaan wat dan 'n ma geword het:

- Die piepklein knopsies wat jy altyd somertyd in 'n glaspotjie op my boekrak bêre, die uitrafelsoom van my swartrok wat jy regmaak omdat my onhandigheid 'n ongesede verstaan is vir jou en jou stilbly as die dundeel van die dag oor my kom lê en ek sommer net huil oor die elektriese loei van die half ses-trein - op jou laatslaapoggend staan jy donkerdag op om 'n boepens-troggie vol koffie te maak vir 'n bang ek wat swot vir my toets van die aand. Haastig griffel jy 'n hello-sê agter op jou IW-papiere en jy gooi my hennenuikens elke Maandag-

oggend nat, want ek vergeet buitendien.

Jy weet, terwyl die koshuispoleerder so deur die koue gange raas, wonder ek of ek weer iemand sal leer ken wat vir my 'n kers sal brand op my verjaardagnag. 'n Lang oranje kers vir my nag, het jy geskryf.

As ek wegraak in 'n Saterdagoggend met dorp-toegaan-lyf, verstaan jy sommer net en gooi gekleurde suiker in my tee, al huil die Meimaandwilt oor die stowwerige vensterbank.

Met jou rottang klasmandjie en jou langlyf-rompe het jy jou binne-in my hart kom staan maak en die blinkbruin blokkies van ons kamervloer en ek sê:

dankie vir die laatnagsop as ek terugkom en die saamhuil op 'n Sondagaand vol Cohen.

Ek plant vir jou 'n bos geel magriete - wat sal blom tot in jou grootmensewêreld weg van ons nartjiekamer met sy vier jaar-lewe.

Weet jy . . .

Weet jy hoekom moet jy jou kêrel se briewe Oshakati toe stuur? Weet jy hoekom ril jy soms as jy terloops hoor "terroris vermoor vrou"?

Raak dit jou as Nusas nieu-marxisties raak? Hoekom nie? Is dit nie omdat jy net weet Nusas is sleg en ver weg en ons-be-hoort-buitendien-aan-die-ASB nie?

Sê jy ook kafferiskaffer en het jy al gehoor van plurale plaffers?

Meisiekind, weet dit: Suid-Afrika is aan't verander. Suid-Afrika is 'n konflikpunt in die wêreld. Weet van die Russiese uitbreiding in Afrika en van Jimmy Carter se vasberade "humanrights"-kruistog; van die stadswarte se aansprake op stemreg en van Transkei wat reeds onafhanklik is (ja man, al lankal).

Doen bietjie moeite, toe:

● luister bietjie nuus as jou naels droog word en jy buitendien moet stilsit;

● blaai soms na die middelblad van die koerant as jy klaar is met die resepte op die vroueblad;

● dink 'n slim (ag, dit kan maar dom ook wees) vraag uit en vra dit vir hom as die geselskielik ná die koffie opdroog;

● gaan steek net een oor in by die Totius as een of ander grootstem praat.

Op 'n dag gaan jy weer weet-jy-vrae lees en skielik vind dat jy kan sê: "Haai, ek dink ek weet . . ."

PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875



Politiek - Nuus is alles deel van vrou wees.

die WAPAD



INTERVARSITY IS SOET EN SUUR

Soos met alle gebeure in die gebroke wêreld waarin ons leef, het ook hierdie Intervarsity die goeie en die slegte laat blyk. 'n Mens mag egter nie daarby berus nie en moet krities daarna kyk. Daar was dinge wat gekrap het: Die Pukke beskou hulleself as die kampus met die beste gees. 'n Goeie sportman verloor soos 'n man. En as die Pukke dan begin huiswaarts keer sodra dit duidelik word dat hulle span gaan verloor, begin 'n mens wonder ...

Toe die PU sy eie trompoppies gekry het, het baie mense gekla dat die karakter van die Universiteit daardeur aangetas word. Ná Saterdag is daar seker heelwat meer mense wat dié standpunt huldig. As die Pukkies op die PU wil bly, sal hulle beslis moet sorg dat hulle kwaliteit baie goed is. Die wêreld kyk met arendsoë toe.

Daar was darem ook 'n ligpuntjie: toe die trompoppies húl bes probeer het, was daar nie, soos gewoonlik, barbare op die veld nie.

TOEKOMSVISIE OP PU

'n Visie in die toekoms - Instituut 2 000 - is een van die nuwe toevoegings tot die rektor van die PU se idees. Ongemotiveerd is dit ook nie. Dit het in die laaste tyd duidelik geword dat dit nodig is om die futurologie te bestudeer. Die liggende wenkbroue kan maar sak, selfs dit kan op 'n Christelike manier aangepak word.

Dit is immers die taak van die Christen om gedurig te beplan deur gebruik te maak van dinge uit die verlede, die hede en die toekoms. Ons hoop dat Instituut 2 000 spoedig en suksesvol gerealiseer sal word.

WAPADKRITIEK

Die Wapad wil dit net weer duidelik stel dat dié blad oop is vir kritiek. Ons nooi mense uit om enige kritiek teen dié blad, sy inhoud, uitleg en standpunt te lewer. Dit moet egter duidelik gestel word dat sulke kritiek gemotiveerd en duidelik moet wees. Alle briewe wat nie lasterlik is nie, sal beslis gepubliseer word.

Mense wat nie kritiek langs hierdie weg wil lewer nie, kan dit andersins persoonlik met die redakteur opneem.

NA VERLEDE SATERDAG SE RUGBY SAL DIT MAAR BRA MOEILIK GAAN OM TE BEGIN SWÔT VIR DIE EKSAMEN....!!!

30-17



WAT IS WAT?

VAN WIE WEET WIE

Dis tog lekker dae vir boomklim. Die wêreld lyk soveel anders vanuit 'n boom. Dinge wat op die grond heeltemal absurd lyk, lyk uit 'n boom heeltemal onmoontlik. Dis miskien hoekom 'n kind nog so vas aan sy drome kan glo. Miskien moet elke mens maar 'n boom hê om in te klim - om weer te kan droom.

Bog, twak en onsin? Nou ja, as jy dit ontgroei het, hoef jy dan nie letterlik in 'n boom te klim nie, maar érens in jou lewe moet jy figuurlik 'n boom hê. 'n plekkie, 'n aktiwiteit wat jou uit die afgemete realiteite neem, waar jy weer aan drome kan glo.

'n Herfsboom is baie lekker om te klim. Miskien stem jy vir lente, maar die

herfs het 'n stil belofte vir almal wat bereid is om lank te wag. Maar ons wag nie eintlik graag nie. Tog, as mens bereid is om te wag, word baie dinge wat jy in jou herfsboom sit en droom het, waar.

Maar 'n lenteboom is ook lekker. Dis 'n boom waarin jy fyn drome kan droom, waarin jy somer aan die

slaap raak, waar jy verspot, romanties en verlief raak. 'n Lenteboom is 'n blomboom.

Nou ja, per slot van rekening het 'n somerboom ook sy bekoring. Wie't gesê: "Lekker weer is tog maar elke weer, as die hart net daarna klop."? Somerbome is bome wat in die son staan en skaduwee gee, dis digte groen bome waarin ek my heeltemal kan wegsteek, sodat niemand my kan sien nie, en ek deur die blare kan loer om net dit te sien wat ek wil.

En 'n winterboom? 'n Winterboom is 'n kaal boom. 'n boom wat gestroop is van alle versiersels, waarvan net die kern, die wesentlike oorgebly het. Maar moenie 'n fout maak nie, 'n winterboom is nie 'n dooie boom nie. Al het hy nie meer blare nie, het hy tog nog wortels. In 'n winterboom kan ek saggies en diep groei. Daar lê die groeikrag nie in blare, in uiterlike dinge nie, maar diep in my kern, in my lewensaar.

As jy ooit gedink het 'n boom is somer só, of 'n winterboom is 'n dooie boom, lees dan gou Antjie Krog se "Lemoenliedjie":

'''n lemoenboom in die winter is 'n sonboom
'n lemoenboom is 'n somerboom
'n baldadige balboom
'n bloeiende pynboom
'n lemoenboom is 'n groenboom''

Redaksie

Hoofredakteur: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
Assistent-Hoofredakteur: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246

Verspreidingshulp: Louis van der Linde; Hennie Jacobs

Redakteur Rade en Inter-Universitêr: Kierie du Rand; Uniehuys 22154 Piet Gouws, Luzette Botha, Jan Henning, Melanie Hornabrook.

Nuusredakteur: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
Redakteur Manskoshuise: Lourens du Plessis; Caput 22371/3375/3376

Redaktrise Dameskoshuise: Diana Roestorf; Vergeet-my-nie 5211/5212

Sportredakteur: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915 Antoon Rheeders

Sportredaktrise: Lollo Claasen Dorp 6017; Mariaan Slot; Alta de Korte

Damesbladredaktrise: Leenster Pasch; Klawerhof 22037/22119/22163 Anne-Marie Jacobs

Kunsredaktrise: Millie d'Assonville; Dorp 6574; André Howard

Tegniese Redakteur: Vakant

Redakteur Vaaldrichoek: Vakant

Fotoredakteur: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915; Paul Slot

Sekretaresse: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5211/5212

Penningmeester: Paul Slot; Dorp Amajuba 23429

Spotprente: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376; Annelie Willemsse

Advertensiebestuurder: Buks Steenkamp; Liberalia 22129

Uit die Woorde

"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat Christus Jesus was." (Fil. 2:1)

Dit is 'n geweldige opdrag wat Paulus sê hier aan die Romeinse kerke en aan ons: Dit moet 'n gesindheid wees! Die gesindheid letterlik: die denkwyses, lewenshouding en lewenspraktyk van Christus. Dit is ook die merktekens van ware gelowige wees.

Wat is presies hierdie EEN-GESINDHEID van ons gevra word? Paulus beskryf dit in Fil. 2:2 as hy sê ons moet "eensind" wees, dit wil sê moet "dieselfde liefde hê van een van siel, een van ons moet geesgenote wees van alles. Dit sal slegs gebeur as ons EEN-GESINDHEID - die gesindheid van Christus.

Wat was presies die "eensindheid" van Christus? Hoe kan ons gehoor wees aan hierdie byna onmoontlike opdrag?

Dit is sy gesindheid (SELFONTLEDIGING - lippense 2:7). Die gesindheid van Christus was die Homself leeggemaak he.

Paulus sê eerstens: Christus, was "in die gedaante van God". In kort: Hy was soos God en self God. Hy het nie daaraan geklou deur sy Godheid. Sy Goddelike posisie as goed te beskou nie.

Nee! Hy het Homself leeggemaak en 'n dienskneg, 'n mens in diens gestalte geword.

Jesus verduidelik dié gedagte as Hy in Mat. 10:45 sê: "Ek het nie gekom om gedien te word nie, om te dien."

Hy, die Koning van die konings word 'n mens, ons, meer: 'n Kneg van ons. Paulus sê verduidelik ontlediging beteken om die Homself verneder. (2:8).

Dit alles beteken 'n beslis nie dat Hy God was toe opgehou het om God te wees en net 'n swak nederige dienskneg geword het nie. Die Evangelie van Paulus hier aan ons verduidelik, is beslis ook nie dat so 'n besondere nederige gehoorsame mens was ons dus ook so moet wees gevolglik eensgesind wees nie.

Nee! Dit is juis die woorde van die kruisewangelië van Christus. Christus was 'n dienskneg maar Hy bly 'n Koning. Die kruis is tersyde tyd ook Sy troon. Hy verneder en bespot, maar doen steeds die wil van Vader.

Ons sien dit mooi voor die Joodse Raad tydens Sy verhoor. Al reeds die dood in die staar en weet dat 'n blygende antwoord op doodvonnis kan wees, hoëpriester Hom: "Is

S.A. REGMATIG OPGETREE?

Oor die noodwendigheid van Suid-Afrika se optrede teen SWAPO, toe twee van hulle hoofbassisse uitgewis is, bestaan daar geen twyfel nie. Dit blyk onder andere uit die eenstemmige goedkeuring van al die opposisie-partye in Suid-Afrika dat die optrede heeltemal geregverdig was, polities gesien.

Die vraag is egter, wat Suid-Afrika se posisie, Volkeregterlik gesproke, is. Art. 2(4) van die handves van die VVO stel 'n verbod op geweld daar, waaraan ook S.A. gebonde is. Art. 51 egter maak 'n uitsondering op die verbod, naamlik die reg op selfverdediging. Die artikel verlang verder dat die selfverdedigende land onmiddellik sy optrede by die Veiligheidsraad moet rapporteer. Het S.A. in selfverdediging opgetree en sy rapporteringsplig nagekom?

Die vereistes vir selfverdediging is dat daar 'n gewapende aanval teen 'n Staat moet wees, en dat die optrede daarteen in proporsie

tot die aanval moet wees. SWAPO het onder geen omstandighede groot genoeg aanvalle gemaak wat as 'n gewapende aanval beskou kan word nie. Maar waar daar gereelde, sporadiese aanvalle gemaak word kom dit wel neer op gewapende aanval. Aan dié vereiste is dus voldoen.

Die Staat waarteen SWAPO se aanvalle gerig is, is Suidwes-Afrika, maar S.A. as administrateur van die gebied, soos erken deur die Westerse onderhandelinge met S.A., het die reg om die gebied te beskerm teen onregverdigde aanvalle.

Die optrede in selfver-

dediging was gerig net teen SWAPO en die vegtendes, sodat dit duidelik is dat S.A.

se optrede die proporsionaliteitsvereiste ook vervul. Angola beskuldig S.A. egter

van skending van sy soewereine grondgebied. Maar dit is 'n erkende Volkeregterlike beginsel dat 'n Staat nie ondermynende bedrywighede teen 'n buurstaat op sy gebied mag duld of selfs help nie. Waar dit gebeur maak die Staat homself skuldig aan

die gewapende aanval met gevolg dat S.A. heeltemal regmatig sy grondgebied mag binnedring in selfverdediging. Dit is dus duidelik dat S.A. volkeregterlik heeltemal regmatig opgetree het, anders as in sy eerste Angola ekskursie.

DIE STAASTEORIE VAN CALVYN

deur C.J. van Rensburg

In 'n tyd waar die rol van die staat, sy funksies en magte met 'n toenemend kritiese oog beskou word, is dit besonder moeilik om 'n sogenaamde Christelike staatsteorie te formuleer; maar moet ons ten minste probeer om die probleme van huidige staatstelsels uit te lig.

Aan die een kant wil 'n mens graag die probleme van die dag dadelik aanpak en

met die Sondagkoerant in die hand vir almal vertel dat as die Staat net só gemaak het en nie só nie, ons sekerlik nou gelukkiger sou gewees het. Aan die ander kant werp dit veel meer vrug af om heel agter met Calvin se teorie oor die staat te begin, en dan te werk na latere Calviniste soos Van Prinsterer, Kuyper en Dooyeweerd.

Calvin sit sy teorie in tipiese onomwonde taal uiteen. Hy besef wel deeglik dat demokrasie as sulks nie as volmaakte staatsbestel vir alle groepe voorgeskryf kan word nie, maar dat die historiese en lokale opset noodwendig die staatsstelsel sal bepaal. Dit is ook vir hom belangrik dat die staat lewakkomoderend optree: menseleuens op 'n menswaardige wyse reguleer, algemene vrede en kalmte handhaaf, toesien dat elke persoon sy eiendom in vrede geniet en besigheid sonder bedrog bedryf. Ten opsigte van die kerk sê Calvin dat hy nie mense toelaat om wette met betrekking tot die diens aan God te maak nie, maar dat die staat 'n definitiewe taak het om toe te sien dat die wette van God nie verbreek word nie. Wat uiters belangrik is, is dat hy nie die staat as die gevolg van die sondeval sien nie, maar as manifestasie van God se voorsienigheid, dat die mens só regeer sal word.

Ten opsigte van die wet vereis hy van die staat billikheid ten alle tye; omdat die eindpunt van alle wette in elk geval die liefde moet wees, mag dit gebeur dat die staat verskillend optree in verwante situasies, maar die doel moet altyd billikheid met die oog op die liefde wees.

Opstand teen die staat is slegs toelaatbaar indien die staat jou verhinder om jou geloof uit te leef. ALLE staatsordes is deur God ingestel, hetsy goed of sleg, en die slegtes dien as vingerwysing van God. Calvin illustreer dit met verskeie gebeurtenisse uit die Ou Testament. Dit is jou plig om nie slegs die regering bo jou te gehoorsaam nie, maar ook te eer, en aan 'die keiser te betaal wat die keiser

want hoe kan jy dan mense meer gehoorsaam wees as God?

Dit is oneindig bevredigend om uit die gedagtes van Calvin te put, veral as mens daarna die meer ingewikkelde teorieë van bv. Dooyeweerd beskou. Calvin se gedagtes kan nooit vir ons oud of irrelevant word nie, dit is te nou verbonde aan die enigste waarheid, die Skrif.

C.J. van Rensburg (vir Ideologika.)

DIE WAPAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA



Bloedvloei

Die Suid-Afrikaanse Bloed-oortappingsdiens het in die verlede by koshuise soos Skuur en Klooster bloed getap. Gesien die opkoms swak was, is dit beperk tot Over-de-Voor en Karlien.

'n SABD-skild word aan dié koshuis oorhandig wat die meeste bloed per jaar skenk. Verskeie POK-koshuise het dit al in die verlede gewen.

Daar is 'n beroep gedoen op almal om in die toekoms meer bloed te skenk. Skenkings word elke ses weke gehou. Jy kan daardeur 'n lewe red. Alhoewel dit nie altyd gemeld word nie, word die skenkings hoog waardeer. Sulke skenkings kan by die S.A.B.D.-bloedbank gemaak word in Potgieterstraat, oorkant die Polisie-stasie; elke Maandag- en Donderdagaand.

Die volgende koshuise sal op die volgende datums deur die plaaslike bloedbank van die S.A.B.D. vir skenkings besoek word:

Karliën - 31 Julie
J. v. Rooy - 14 Augustus
Karliën - 25 September
J. v. Rooy - 16 Oktober

Kyk Sterre

STUDENTE wat belang stel om hemelligame naderby te beskou, kan die Sterrekunde-vereniging kontak. Hulle beskik oor 'n teleskoop op die Wiskundegebou se dak.

Fotiek verwag somer 'n hele klomp inskrywings vir hulle kompetisie van VAKANSIE-FOTO'S. In teenstelling met die vorige wedstryd, is kleurskyfies nou welkom. Vir die wenners is 'n groot verskeidenheid pryse beskikbaar.

Alle studente mag inskryf en geen inskrywingsgeld word gevra nie. Al vereistes vir die foto's is, dat dit verband moet hou met vakansie - natuurfoto's is dus ook welkom. Skyfies moet duidelik gemerk wees en die naam en adres van elke deelnemer moet op die agterkant van die foto's verskyn.

Die sluitingsdatum is Maandag 5 Junie en die inskrywings moet in bus 62 by die SSR-kantoor geplaas word. Alle foto's en skyfies sal terugbesorg word. Enige aantal foto's mag ingeskryf word.

Dans nie!

DIE Universiteitsraad bevestig sy besluit dat dans nie op die kampus toegelaat word nie en dat geen Universiteitsinstansie 'n dans mag reël nie - ook nie weg van die kampus nie.

Hulpprojek gaan na Saulspoort

Gedurende die vakansie is daar 'n hulpprojekaksie na Saulspoort naby Rustenburg. Die hoofdoel is om 'n kerk te bou, maar terselfdertyd word naaldwerkvoorigting en sendingwerk beoog.

Die projek duur vanaf 12 tot 24 Julie en die koste sal min of meer R15 beloop. Vir studente wat eers ASB kongres wil bywoon, sal daar vervoer op die 14de of 15de Julie gereël word.

Indien iemand belangstel om te gaan, kan hy net 'n briefie met naam en adres in bus 78 by die SR Kantoor gooi.

Word ware PUK

Daar word van 16 tot 18 Junie 1978 op twee verskillende kampterreine kampe vir die eerstejaars aangebied. By elke kamp sal daar ongeveer 120 eerstejaars wees. Groepleiers sal leiding aan hulle gee. Die rektor en vise-rektor sal ook teenwoordig wees.

Daar sal skyn SSR- en karnavalvergaderings gehou word, om te leer hoe dit in die praktyk werk.

Die skietlyste open op 8 Junie by die SSR kantoor. Hou die plakkaat dop.

KARNAVAL-PUNTE 1978

UITSLAE SOOS BEKENDGEMAAK:

Vergeet-my-nie	1168
Klawerhof	1137
Kasteel	924
Karliën	910
Wanda	878
Wag-'n-Bietjie	848
Dorp Dames	764
Heide	735
Kulu	681
Oosterhof	681
Caput	1299
Klooster	1138
Over-de-Voor	1127
Hombre-Liberalia	1100
Amajuba	1045
Makoufle	891
Thaba-jäh	814
Uitspan	744
Villagers	670
Oppikant	655
Heimat	592
	476

Uitslae nadat ekstra Pukkieverkope bygereken is: Dameskoshuise onveranderd.

Caput	1699
Over-de-Voor	1282
Hombre	1190
Liberalia	1165
Klooster	1148
Amajuba	951
Makoufle	854
Thaba-jäh	784
Uitspan	670
Villagers	655
Oppikant	592
Heimat	526

Hiermee bied Karnavalkomitee '78 dan ook sy verskoning aan Over-de-Voor en Klooster wat in besonder deur die aanvanklike foutiewe uitslag geraak is.



BEDIENDES IS TALENTVOL

Die Bediendes - Jean Genet
Kleintheater PU vir CHO
Regisseuse: Liesbet Schoeman

Genet se tweede drama, DIE BEDIENDES, het 'n onsekere ontvangs geniet in

Parys, waar dit deur die groot Franse akteur en regisseur Louis Jouvet opgevoer is.

Genet is 'n moeilike dramaturg. Sy beelde is besonder kragtig en word ondersteun deur sterk simboliese taalgebruik en aksie. Sy veelvoudige "werklikhede" en die ingewikkelde gebruik van spieël- en weerspieëlbeelde omskep die verhoog in 'n nuwe werklikheid, hoewel "die verhoog" die "spieël van die werklikheid" is. In DIE BEDIENDES blyk dit "duidelik" dat die werklikhede van die drie karakters: die twee bediendes, Klara en Solange, en "Mevrou", deurmekaar loop. Elkeen kry 'n beurt om die rol van beide onderdrukte én onderdrukker te speel.

By Klara en Solange word die verandering gekonkretiseer; by "Mevrou" bly dit net op die verhalvlak. Die aanvanklike rolspeleer word al hoe waansinniger ((of) al hoe meer fanaties (of) al hoe wanhopiger), die werklikhede vloei al hoe meer ineen en lei uiteindelik tot chaos ((of) tot 'n aaklige einde).

Ek wil dadelik sê dat die aanbieding in sekere opsigte baie geslaagd was, maar tog in ander effens teleurgesteld het. Die gebruik van spieëls en spieëlbeelde, mimiek en nabootsing was besonder interessant en is goed benut. Cecilia Barnard as "Mevrou" het die soort nagemaakte gesofistikeerdheid en smart ((of) lyding)



Cecilia Barnard as 'Mevrou' in *Die Bediendes*, wat deur die Departement Spraakleer en Drama opgevoer is.

vertoon wat haar byna oorkunsmatig gemaak het: 'n voorbeeld van die sogenaamde "regte" houding. Diane Brophy as Solange en Rika de Beer as Klara het die versmorende atmosfeer wat dié rolle so moeilik maak om te speel, goed oorgedra.

Genet hoort ongetwyfeld by die absurde drama, waarvan humor 'n uitstaande karaktertrek is, en dan meestal verwronge en siek humor. In dié aanbieding word baie min aandag aan die humor in Genet gegee. Die intensiteit van die stuk word deurgaans so

hoog gehou dat 'n mens met tye afgestomp raak vir die gespanne woordspel. 'n Klein onderbreking, 'n effense ontspanning, sou die intensiteit eerder verhoog het.

Die poësie en die krag van Genet se beelde het soms verlore gegaan, omdat die dialoog teen so 'n hoë tempo gevoer is.

Nietemin, veels geluk, aan die jong spelers wat 'n baie moeilike stuk in 'n aand van stimulerende vermaak omskep het.

Allan Munro

"Live Fast, Die Young and have a good looking, corpse"

Die Departement Spraakleer en Drama se sjordé: Die lewe is 'n Grenshotel, met Henk Wijbenga as regisseur, is die afgelope week opgevoer.

Van 'n eksistensialistiese oopspunt skets die skrywer vir ons 'n toneel van 'n klein kroegie, iewers op die grens. Die moderne mens word getipeer as mens wat net vir die oomblik lewe. Geen blywende liefde bestaan nie. Alles wat jy kan, moet uit die oomblik geput word, want die toekoms is onvermydelik klaar geformuleer, soos die formules van 'n rekenaar. Die skrywer teken protes aan teen materialisme, ydelheid, dwaasheid en pretensie. Hy spot heerlik met ons mens wat deesdae met die sieklike idee rondloop dat dit 'n skande is om 'n wit vel te hê. Ten spyte van hierdie fatalistiese uitgangspunt, wonder die skrywer (Hennie Aucamp) tog teen die einde of dit nie beter sal wees om 'n oplossing in die geloof te soek nie.

Die spelers het wel daarin geslaag om die hoofgedagte van die skrywer oor te bring, maar hul gebrek aan beleving en natuurlike spel doen afbreuk aan die trefkrag van die stuk. Marie Joubert het 'n pragtige stem en het daarin geslaag om mens se hartsnoere te roer. Die slotnommer deur Marie Joubert en Nico Basson was baie goed en hulle het die gehoor in die holte van hulle hand gehou - net jammer dat die tegniese sturings die mooi oomblik versteur het. Die verteller het saam met die uitstekend beplande dekor dit reggekry om die gehoor na 'n kroeg op die grens te plaas.

Die lewe is 'n grenshotel waarsku mens teen die onbewuste 'motto' van die moderne mens "live fast, die young and have a good looking corpse". - Is.



ELEKTRONIESE MUSIEK

Vanaf die begin van 1976 word 'n kursus in elektroniese musiek by die musiekdepartement van die PU aangebied. Hiermee het die PU, saam met Natal en Kaapstad, die voortou geneem om een van die modernste en mees aktuele studierigtings aan te bied. Na voltooiing van die huidige elektroniese musieklaboratorium, beskik die PU oor die modernste in die land.

Waarom dan elektroniese musiek? Die afgelope driehonderd jaar het baie komponiste en komposisies opgelewer. Ongelukkig het die moontlikhede van die

bestaande twaalf note nie uitgebrei nie. Daarom het mense begin eksperimenteer met onkonvensionele klankmoontlikhede. Elektroniese klanke is vervaardig

deur middel van oscillators, filters, versterkers en dies meer. Hierdie klanke is georden, soms volgens wiskundige formules wat vooraf bereken word, om die vorm van die werk te bepaal en om te sit tot 'n elektroniese komposisie.

Die PU bied elektroniese musiek aan om die studente kennis te laat maak met die hedendaagse musiek. Ons moet weet op welke wyse ons tydgenote musiek skep en wat die rede daarvoor is. Dit

is egter waar dat die grootste aanhangers daarvan op hierdie stadium beperk is tot mense wat daarmee werk. Om die musiek te verstaan en dit te geniet, vereis gewysigde luistergewoontes van die luisteraar.

Die een sal sê: "Ja, maar ek vind dit nog steeds moeilik om elektronika en elektrisiteit met musiek te versoen". Die ander sal sê: "Ek het agtergekom dat die meeste musiek wat ek die afgelope week gehoor het, my ore bereik deur 'n lang pad van transistors, weerstande, draadjies en luidsprekers.

Tjokkie sien nou in Potch

Aldo Behrens se aanbieding van die gewilde P.G. du Plessis-drama, Siener in die Suburbs, het reeds Woensdagaand 24 Mei in die P.U.-Kamertoneel geopen.

Die drama van P.G. wat in 1972 met die Hertzogprys

bekroon is, is 'n pragtige uitbeelding van die lewe in 'n minder gegoede Johannesburgse woonbuurt.

Dit is die verhaal van menslike worsteling met alledaagse probleme. - van Tjokkie (Pieter Oberholzer) wat met helm gebore is en kan sien - Jakes (Roeloff van den Bergh) - die tang - Tiemie, Jakes se meisie - Giel (Kobus Lodewyckx), wat perde speel - Ma. (Isobet Kok), wat in sonde met Giel lewe - en Fé wat baie lief vir Tjokkie is.

Dit is 'n drama waarin mense hulle lot probeer uitwerk. 'n Verhaal waarin mense kan lag en moet lag om sodoende nie te huil nie.

Die speelvak duur tot 30 Mei.



Mnr. Fick saam met Prof. Ballot en Dr. van Jaarsveld, afgeneem tydens die kunsuitstalling van Sanlam wat tot 25 Mei duur. Die uitstalling bevat werke van die heel bekendste kunstenaars naamlik onder andere Pierneef, Gregoire Boonzaier, Cecil Hügs, Moses Kottler, Irma Stern, Pieter Wenning en nog vele ander.


Foto: Fotokuns



Tjokkie sien. Afgeneem tydens 'n repetisie van Siener in die Suburbs. V.l.n.r. Isobet Kok, Pieter Oberholzer, Alta Spies en Mariëtta Kruger.



Kubaan Els hou eintlik duimvas dat die bal sy regte bestemming moet bereik. Die PU het met 3-1 verloor.



SOKKER LAAT BAL ROL

Die sokkerspelers is besig met 'n triomftog deur Wes-Transvaal.

Saterdag 13 Mei het hulle Milner op die Weermagveld gepak. Ten spyte van die veld se ongelyke oppervlak slaag die PU se voorspelers om 4 doele teen 0 aan te teken. Die span was bekommerd oor Egan en het die wedstryd sonder hom gespeel. Hulle het nietemin goed reg gekom.

Woensdagaand, 17 Mei

het hulle Brother's College op die Western Reefs veld te Orkney gewen. Vir hierdie wedstryd was Egan se besering sodanig herstel dat hy weer kon speel. Reeds in die eerste helfte teken die PUKKE 4 doele aan. Die tweede helfte is gebruik om te oefen vir Intervarsity en daarom het die Pukke in hierdie helfte net 1 doel

gekry: Die eindtelling dan - 5:0.

Ten spyte van dié vooruitgang moet ons sê: "Geluk RAU." Die PUK-spelers was effens uitgebrand deur die vele wedstryde net voor Intervarsity en moes swig voor 'n gemotiveerde RAU-span. Dit was 'n harde stryd. Piet Fourie het vroeg in die wedstryd die PUKKE se doel

aangeteken. RAU het egter later die oorhand gekry en drie doele aangeteken. Die PUKKE het nogtans uitmuntend gespeel. Manne soos Johan Nel en Mike-Mike moet uitgesonder word.

Die PUKKE sê net: "Dit was ons eerste nederlaag. Nou gaan ons eers losbrand en ons heerskappy in Wes-Transvaal bevestig. Hou ons dop."



HOKKIE

Die rooster van die Manskoshuisliga in hokkie is as volg:

Datum	A-veld	B-veld	Tyd
27 Mei	Dorp vs. Caput Puk Bont	Over-de-Voor vs. Hombré Puk Bont	9.15
29 Mei	Hombré vs. Dorp Puk Bont	Caput vs. Over-de-Voor Puk Bont	4.30
24 Jun.	Over-de-Voor vs. Dorp Puk Bont	Hombré vs. Caput Puk Bont	9.15
2e rondte			
29 Jul.	Dorp vs. Over-de-Voor Puk Bont	Caput vs. Hombré Puk Bont	9.15
5 Aug.	Hombré vs. Dorp Puk Bont	Over-de-Voor vs. Caput Puk Bont	9.15
12 Aug.	Over-de-Voor vs. Hombré Puk Bont	Caput vs. Dorp Puk Bont	9.15

Reëls:

1. Die span wat wen verdien twee punte.
2. Vir 'n gelykop kry elke span 1 punt elk.
3. Aan die einde van die liga word die punte bymekaar getel en die wenner word dan bepaal.
4. Wedstryde kan nie uitgestel word nie.
5. Indien 'n span nie kan deelneem nie, moet hulle punte aan die ander span gee.



V.l.n.r.: Timio Krige - reklame bestuurder van Malcomess Bpk.; Jim van Zyl, voorsitter van die PU muurbal klub en Dr. Piet van der Schyff - Ere President van die PU muurbalklub tydens die oorhandigingsgeselligheid in die sportklubhuis van die Puk.

MALCOMESS BORG MUURBAL KOSHUISLIGA

Een van die land se grootste verspreiders van landboumasjinerie - MALCOMESS BPK. - borg tans die muurbal koshuisliga.

Daar is op hierdie stap besluit om momentum te gee aan muurbal as geheel. Muurbal is tans een van die gewildste sportsoorte op die kampus en trek by die dag meer belangstellendes.

Met die oog op die ingebruikneming van die ses nuwe bane by die studentesentrum, is dit nodig dat muurbal hulp kry sodat die standaardspel kan verbeter, nie net aan die PU nie, maar

ook in Wes-Transvaal. Baie dankie aan Malcomess - die Pukke waardeur dit. Die Malcomess Koshuisliga is reeds aan die gang en die koshuise kap dit uit.



André Markgraaff wag sy beurt in.

(Foto: Jaco Pretorius)

PU LYK VAAL

Op die PUK-pawiljoen het dit weerklink: "Die Pukke die hardloop, die Pukke die skop, die Pukke se manne het brandewyn vir bloed." Ai, as dit maar net Saterdag so kon gewees het.

Selvs die gehardste Puk-student moes Saterdag ruitelik erken dat RAU verreweg die beste span was. Met dieselfde motivering waarmee die Kowsies verlede jaar geklop is, het RAU daarin geslaag om 'n Puk-span sonder woema maklik te klop.

winning is ongetwyfeld gelé deur die drie losvoerspelers, Tommy Bosch, Piet Cloete en Johan Uys. Hulle het die losskrums met 15-8 oorheers. Dit is juis hier waar die tuisspan se probleme begin het.

Die swaarder pak voerspelers van RAU het die

Pukke by feitlik elke skrum meters terug gedruk. Die vasskopstryd is met 4-1 deur die besoekers ingepalm.

Die gevaarlike agterlyn van RAU kon hierdeur in rat vloei en het groot probleme aan die agterlyn van die Geeltruie verskaf. Dit is hier waar Lee Barnard in die prentjie kom.

Sy taktiese skopwerk na die kantlyn, vinnige weg-stuur van die agterlyn en terugspel na die voerspelers was goeie bewys van die jong koelkop se moontlikhede. Wim Hollander het 'n pragtige drie gaan druk na een van Lee Barnard se taktiese skoppies.

Zillen Roos, die jong skrumskakel van Puk, het agter die verlooppak indrukwekkend vertoon. Sy diens na Willie Smit was lank en suiwer. Dit is net jammer dat hy nog so jonk is.

Elke beweging deur die Pukke is deur die beter gemotiveerde, goedgedrille RAU-span gestuit. Theuns Eloff het egter die hele wedstryd hard probeer, maar die nodige ondersteuning het ontbreek.

Dit was van die begin af duidelik wie die wenner gaan wees. Die verbasing kon duidelik op die geesdriftige dirigente se gesigte gesien word toe RAU met die eerste skrum die Pukke treë teruggestoot het.

Sowat tien minute voor die aanbreek van rustyd het dit gelyk of die Pukke dalk die knoop kan deurhaak. Die telling was op daardie stadium 10-7 in die guns van RAU met die Pukke sterk op die aanval.

Na die aanvang van die spel na rustyd met die telling 10 elk en die wete dat James Stolberg rustyd lank met die spelers gesels het, het nuwe hoop opgevlam. Dit was egter van korte duur toe Lee Barnard kort hierna met 'n goeie strafdoel slaag.

Die koeël was deur die kerk na 'n pragtige onderskep drie deur Tuffy de Wet. Die bal het vinnig langs die agterlyn van die Puk beweeg. Dit het gelyk of die Pukke die ekstra man in die agterlyn gaan bewerkstellig. De Wet het aanvanklik gesukkel om die bal onder

beheer te kry, maar het met sy groot spoed die grypende hande van die Pukke ontglip en die drie onder die pale gaan druk.

Punte

Vir RAU het Bertie van Zyl, Tuffy de Wet (2) en Wim Hollander drieë gedruk. Barnard het een verryf en met vier strafkoppe geslaag.

Vir die Pukke het James Stolberg en Zillen Roos elk 'n drie gaan druk. Jannie Tiedt het met twee strafdoele geslaag. Willie Smit het 'n skepdoel oorgeskop.

INTERVARSITY-UITSLAE

Sportsoort	PU	RAU
Ghoff	1	2
Stoei	5	3
Pluimbal 1e	14	1
2e	10	5
Muurbal Mans 1	1	4
2	3	2
Dames	5	1
Tennis Mans	14	16
Dames	14	17
Skaak	31	17
Tafeltennis 1	23	11
2	14	22
3	31	3
Dames	22	3
Sokker 1	1	3
Judo	26	31
Landloop: Mans	29	65
Dames	20	16
Scuba	Gelykop	Gelykop
Karate Kata Dames	15,3	15,5
Mans	47,1	50,7
Kumite	4½	7½
Dameshokkie		
PU II vs RAU II	0	0
PU o/20 B vs Alomdraai	2	0
Vergeet-my-nie vs	0	AmperDaar 1
Wag-'n-Bietjie vs	2	Kruinsig 0
PU I vs RAU I	2	0
PU o/20 A vs Oorkant	4	0
Karliën vs Ben-je-mijn	8	0
Wanda vs Skoonveld	2	2
Manshokkie		
PU II vs RAU II	2	3
PU I vs RAU I	2	4
Netbal		
PU o/20 A vs Oorkant	20	10
Asterhof vs Amper Daar	29	11
Heide vs Alomdraai	27	3
Klawerhof vs Kruinsig	32	11
PU II vs RAU II	40	18
PU o/20 B vs Skoonveld	25	7
Karliën vs Ben-je-mijn	31	6
PU I vs RAU I	38	18
Rugby		
Klooster vs Dromedaris	16	3
Ama-Villa vs Kanniedood	38	6
Dawie Dup vs Vorendag	32	4
PU I o/20 B vs RAU o/20 B	0	3
Over de Voor vs Oppierif	18	10
Drakenstein vs Afslaan	32	14
Caput vs RAU III	18	0
Hombré vs Akademie XV	36	0
Jongspan vs RAU o/20 A	9	17
Ibbies vs RAU II	27	9
PU I vs RAU I	17	30



Helpende hande

(Foto: Jaco Pretorius)

Sportkorrels


deur ons Sportredaktrise

BAIE dankie PUKKE, vir 'n intervarsity wat heel goed afgeloop het, alhoewel nie in alle opsigte heel voorspoedig nie. Ons kan dankbaar wees vir hierdie RAU-intervarsity, want dit is tog 'n goeie termometer vir die latere KOVSIE-intervarsity. Nou weet ons min of meer wat van ons verwag sal word en ons sal wraggies moet vingertrek. PUKKE, ons gees is nog stukke van 'n wengees af. Die RAUKIES was darem altevol verheug, want hulle voel nou hulle kan hul lyf volwaardig saam met die ander universiteite ingooi. Nie dat hulle nooit kon nie, maar daar was nog altyd so 'n klankie - die feit dat TUKKIES byvoorbeeld nie teen hulle wou intervarsity hou nie. Nou moet ons ou klompie hier in Potch egter pasop om nie só ons posisie af te takel nie.

SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK

L. ALLEN

Lenard Allen, 'n eerstejaarstudent, het 1976 as gevolg van 'n ongeluk 'n parapleeg geword. Op skool was hy 'n baie goeie atleet, wat telkemale vir sy skool deelgeneem het. Hy het ook vir Boys' High krieket gespeel. Lenard meen "dit is nie nodig dat alles tot stilstand moet kom as mens in so 'n situasie beland nie."



Lenard het by die paraplegiese klub in Stilfontein aangesluit. Hy het die basketbal-tegniek en spel baie vinnig aangeleer en hy het in alle erns begin speel.

In 1977 het Lenard provinsiale kleure (W.Tvl) verwerf, en die Wes-Transvaal span, bestaande uit vyf lede, het in Rhodesië gaan deelneem. Verskeie Ligawedstryde tussen Suid-Afrikaanse en spanne van Rhodesië is gespeel.

Vanjaar het Lenard weer Wes-Transvaalse kleure gekry. Hy het vir die eerste keer aan die Suid-Afrikaanse spele vir gestremdes gaan deelneem. In die verskeie baannommers 100, 200 en 400 meter het Lenard twee vierde en een vyfde plek gekry. Lenard sê hy het gesien wat gedoen kan word en hy is hard besig om te oefen vir die 1979 SA-Spele.

Op die vraag wat sy grootste ideaal is, antwoord Lenard baie beskeie dat hy graag in Martin Buys se spore wil volg. Dit is naamlik om Springbokkleure te verwerf.